**INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP** **PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK**
**GRAAD 10** **VRAESTEL 3.2**
**MAART 2024** **TYD: EEN WEEK**
**TOTAAL: 10 punte (+ die toepassings)**

Hierdie vraestel bestaan uit **een** bladsy (uitsluitlik die **2024** graad 10 FS DvO PAT riglyne (Bl 1 – 10).

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. 'n Praktiese assesseringstaak (PAT) eksamenvraestel 3, is verpligtend vir die finale promosiepunt vir alle IGO kandidate en tel 25% (100 punte) van die NSS eksamenpunt.
2. Die navorsing van die PAT is die enigste fase van die PAT wat by die huis voltooi moet word.
3. Beplan die navorsing noukeurig om volledige inligting te toon.
4. Slordige en onvolledige werk, sowel as die laat indiening van die verskillende fases, sal gepenaliseer word.
5. Die navorsing moet van toepassing wees op vanjaar se PAT.
6. Die navorsing moet hoofsaaklik in die vorm van foto's en illustrasies wees eerder as woorde, sinne en paragrawe.
7. Bewyse van ten minste DRIE verskillende voorbeelde wat al die vereistes van elke navorsingsonderwerp insluit, moet by die PAT-lêer/portefeulje ingesluit word, tensy anders genoem.
8. Hierdie bladsy kan verwyder word uit die eksamenlokaal en gebruik word as hulpmiddel om die regte inligting by die huis na te vors.
9. Bewyse van die navorsingsmateriaal moet met die aanvang van die tweede kwartaal die PAT-portefeulje ingesluit word.
10. Monitor jou vordering deur die datum waarop jou navorsing volooi is, in die "datum voltooi kolom" van jou bestuursplan, in te vul.
11. GEEN tekening, navorsing of volledige PAT se punt sal aanvaar word indien jou naam en van nie in ink daarop ingeskryf staan nie.

**Fase 1**
**Vraag 6:**
**NAVORSING**

Gebruik onderstaande meganiese assesseringskriteria en kontrolelys om toe te sien dat jy aan al die spesifikasies voldoen voordat jy die navorsing inhandig.

| **MEGANIESE PAT NAVORSING – ASSESSERINGSKRITERIA** | | |
|---|---|---|
| **Navorsing moet tot 'n maksimum van VIER A4 of TWEE A3 bladsye per onderwerp beperk word.** | | |
| 2.1 | Ontwerp voorbeelde en moontlike variasies | 2 |
| 2.2 | Materiale wat geskik is vir die vervaardiging | 2 |
| 2.3 | Verduursaamheid en beskerming teen natuurelemente | 2 |
| Duidelike bewyse dat die navorsing ontwerpoplossings gebruik is | | 2 |
| 'n Lys van ALLE verwysings gebruik (Bibliografie) | | 2 |
| | **TOTAAL** | 10 |

**SUBTOTAAL 10**

**LET WEL:**

- Punte word afgetrek indien die navorsingsinligting nie tydens die aanvang van kwartaal 2 voltooi en beskikbaar is nie. Die kandidaat sal dus toekomstige opdragte van hierdie PAT nie kan beantwoord nie.